basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

# GRAAD 4

# AFRIKAANS HUISTAAL

# STEL 3:  2012 MODELVRAE

**RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)**

## 1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle vir Taal- en Wiskunde-onderrig saamgestel. Die voorbeeldvraestelle is op die kurrikulum gebaseer en strek oor die eerste drie kwartale van die skooljaar. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA). Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is slegs aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

## 2. Die struktuur van voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Sommige van die inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Indien onderwysers en leerders dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar dieselfde ding vra, moet hulle verstaan dat dit opsetlik is en leerders moet op al die voorbeeldvraestelvrae reageer. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om toetse te konfronteer.

## 3. Verband met ander leer- en onderrigbronmateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir graad R tot 12, die bepalings van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Saam vorm hierdie dokumente, sowel as ander dokumente wat deur die skool voorsien kan word, 'n ryk bron van bronmateriaal wat onderwysers in staat stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer (assessering van leer).

## 4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, beteken dit nie dat die onderwyser die hele stel net so aan die leerders moet gee om binne een sessie af te handel nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Kies sorgvuldig die afsonderlike voorbeeldvrae van die betrokke les of 'n hanteerbare hoeveelheid vrae en gebruik dit tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg:

4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd te verloor

4.2 Gedurende die les as 'n kort informatiewe toets om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les ontwikkel en verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK) te beantwoord, oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit om 'n volwaardige toets te wees, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is egter belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

## 5. Memorandum of riglyne vir antwoorde

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte respons (memorandum) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets-antwoorde gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die memorandum geensins rigied is nie. Die memorandum gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

## 6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en slegs van toepassing op die werk wat in die eerste drie kwartale van die skooljaar behandel word. Die tempo waarteen die werk in sekere kwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

## 7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter, dieselfde bly of verswak. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse gebruik te maak as deel van die onderwyshulpmiddels, sal onderwysers leerders help om vertroud te raak met verskillende vorms en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis en vaardighede bekom om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

Lees die onderstaande fabel en beantwoord die vrae.

Jakkals is honger, baie honger. “Alles sal nou lekker smaak,” dink hy. “Nee, wag `n bietjie. Kaas! `n Stukkie kaas – dis waarvoor ek lus is!” besluit hy.

Net toe stap hy onder `n boom verby. En daar, op `n tak, sit kraai met `n stuk kaas in haar bek! Jakkals lek sy lippe af. “Hoe sal ek daardie stuk kaas by Kraai afvat?” wonder hy. Toe kry hy `n goeie plan!

“My liewe vriend kraai,” sê Jakkals met die soetste stem, kyk hoe vars en vrolik lyk jy vanoggend! Jou swart vere blink in die son. Jy lyk so pragtig. As jou ...”

Kraai geniet Jakkals se mooi woorde. “As my wat...?” vra sy, maar knyp steeds die kaas in haar bek vas.

Jakkals skud sy kop. “*As jou stem net so mooi was as die res van jou. Dan was jy beslis die koningin onder die voëls!”*


“Ek kan pragtig sing, “dink Kraai. “En ek sal vir Jakkals laat luister hoe mooi ek kan sing!”

Sy maak haar bek oop. Sy skreeu skril om met haar pragtige stem te spog. En daar val die stuk kaas vlak voor Jakkals se voete op die grond!

Jakkals gryp die kaas en glimlag.

“Kraai,” sê hy, *vleitaal word net gebruik om ander te misbruik*.

Hierdie les is meer werd as die kaas wat jy verloor het!”



Les: *Pasop vir vleitaal, dit word selde bedoel*.

[Verwerk uit: *Die mooiste fabels*]

1. 1.1 Sê in jou eie woorde waaroor hierdie storie gaan. Skryf `n vol sin, begin met`n hoofletter en eindig met `n punt. ___. (1)

1.2 Kies `n naam of gee `n titel vir hierdie storie. ___. (1)

1.3 **"**Vleitaal word selde bedoel".

Omkring die letter wat voor die regte antwoord staan.

A Waar

B Onwaar (1)

1.4 Vul die ontbrekende woorde in die oop spasie in om die sin waar te maak.

Jakkals gryp die kaas en ____. (1)

2. Jakkals was ...

2.1 A honger.

B dors.

C vaak.

D versadig. (1)

2.2 Hoekom dink jy het Kraai haar kaas laat val? Skryf jou antwoord in `n vol sin. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. ____. (1)

2.3 Hoekom dink jy het Jakkals sy lippe afgelek? Skryf `n vol sin. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. ____. (1)

2.4 Voltooi die onderstaande sin.

Sy skreeu skril om met haar pragtige stem te ___. (1)

2.5 Jakkals en Kraai is karakters in hierdie storie. Watter karakter was baie skelm en agterbaks? Skryf slegs die naam. ____. (1)

3. Oorsaak en gevolg**:** As jy verkeerde keuses maak is daar soms slegte gevolge**.**

3.1 Watter verkeerde keuse het Kraai gemaak? Skryf jou antwoord in `n vol sin. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. ___. (2)

3.2 Omkring die letter wat voor die regte antwoord staan.

Jakkals vlei vir Kraai met die volgende woorde:

A "Jy lyk vars en vrolik!"
B "Jy het die grofste stem!"
C "Jy lyk vaal en vrolik!"
D "Jy lyk hartseer!" (1)

3.3 Skryf `n sin uit die leesstuk neer wat vir ons vertel dat Jakkals vir Kraai baie gevlei het. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. Kyk na jou spelling. (2)

3.4 Is die volgende sin of stelling waar of onwaar? Omkring die letter wat voor die regte antwoord staan.

"*As jou stem net so mooi was as die res van jou. Dan was jy beslis die koningin onder die voëls***!"**

A Waar
B Onwaar (1)

3.5 Lys die woorde wat by Jakkals en Kraai pas in die regte kolomme.

sing, honger, vleitaal, vere

| JAKKALS | KRAAI |
|---|---|
| _____, ____ | ____, _____ |

(2)

4. 4.1 Sê in jou eie woorde hoekom jy dink Jakkals vir Kraai misbruik het. Skryf jou antwoord in `n vol sin. Begin met `n hoofletter en `n punt. ___ (1)

4.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Jakkals se woorde was vir Kraai ...

A afskuwelik.

B genotvol.

C haatlik. (1)

5. Lees die onderstaande gedeelte oor Seeperdjies.



`n Mens sien hierdie oulike, skaam diertjie gereeld
in tekenprente en soms in akwariums.
Seeperdjies word in die algemeen 15 cm lank.
Hulle kan van kleur verander om in hulle omgewing weg te smelt
en te verhoed dat roofdiere hulle in die hande kry.
Oranje, geel, rooi en groen is kleure waarin seeperdjies oor die algemeen voorkom. Hulle gebruik hulle stert om aan plante vas te klou wanneer hul wil rus of wegkruip. Seeperdjies het glad nie `n maag of tande nie. Dit beteken dat hulle kos baie vinnig verteer word. Hulle moet dus die heeltyd eet om aan die lewe te bly. Hulle eet klein seediertjies en wurmpies. Hulle leef onder die see, asook in koraalriwwe. Seeperdjies het `n leeftyd van tussen 1 tot 5 jaar. Hulle hou van warm tropiese kusstreke en kom in kolonies voor.

5.1 Skryf in `n vol sin hoekom dink jy dat seeperdjies interessante diertjies is. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. (1)

5.2 Omkring die letter wat voor die regte antwoord staan.

... is die kleur waarin seeperdjies in die algemeen voorkom.

A Swart

B Wit

C Grys

D Rooi (1)

5.3 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

Seeperdjies word in akwariums aangehou.

A Waar

B Onwaar (1)

6. 6.1 Hoe rus seeperdjies? Skryf jou antwoord in `n vol sin. Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. __. (1)

6.2 Omkring die letter wat voor die regte antwoord staan.

Seeperdjies se leeftyd is van tussen ...

A 1 tot 2 weke.

B 3 tot 2 maande.

C 2 tot 6 jaar.

D 1 tot 5 jaar. (1)

6.3 Hoekom dink jy verander Seeperdjies van kleur?
Begin met `n hoofletter en eindig met `n punt. (1)

7. <u>Lees die interessante idiome oor diere</u>

| | |
|---|---|
| * Hy laat geen **hond of kat** met rus nie | – Hy val almal lastig. |
| * Om vir die **honde/katte** tafel te dek | – Om jou hemp te laat uithang. |
| * Hy rou vir **katte** | – Sy naels is vuil. |
| * As **katte** vergadering hou | _ Nooit. |
| *Haastige **hond** verbrand sy mond | _ As mens oorhaastig is vorder jy niks. |
| * **Jakkals** trou met **wolf se vrou** | _ Dit is reën en sonskyn tegelyk. |
| * Nie onder `n **kalkoen** uitgebroei nie | _ Nie so dom as wat jy dink nie. |

7.1 Sê in jou eie woorde wat die onderstaande idioom beteken.

"Jakkals trou met Wolf se vrou.

Begin jou sin met `n hoofletter en eindig met `n punt. (2)

Voltooi:

As mens oorhaastig is ___ jy niks gedoen nie.

Hy is nie so __ as wat jy dink nie. (2)

7.2 Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

''Om vir die honde tafel te dek'' beteken ...

A Jou hemp hang uit.

B Jou hemp is vuil. (1)

"Hy val almal lastig"

A Hy laat geen hond met rus nie.

B Hy rou vir katte. (1)

7.3 Is die volgende stellings waar of onwaar?

A Nie onder `n kalkoen uitgebroei nie beteken hy is nie so dom as wat jy dink nie.___.

B As katte vergadering hou beteken dat dit nooit sal gebeur nie. ___. (2)

7.4 Voltooi:

As mens oorhaastig is ___ jy niks gedoen nie.

Hy is nie so __ as wat jy dink nie. (2)

7.5 Pas die idioom met sy betekenis in die onderstaande tabel.

| | |
|---|---|
| Dit is soos water op `n eend se rug. | Dit help niks. |
| Skelm mense benadeel nie mekaar. | Kraaie pik nie mekaar se oë uit nie. |
| `n Padda in die keel hê. | Hees. |
| `n Wolf in skaapsklere. | Skelm en agteraf. |

| KOLOM A<br>**Idioom** | KOLOM B<br>**Betekenis** |
|---|---|
| Dit is soos water op `n **eend** se rug. | ________________ |
| **Kraaie** pik nie mekaar se oë uit nie. | ________________ |
| `n **Padda** in die keel hê. | ________________ |
| ‘n **Wolf** in skaapsklere. | ________________ |

(2)

8 Vluglees die onderstaande inligtingsvel.

| | |
|---|---|
| Voorgereg | Vrugtekelkie |
| | Viskelkie |
| Hoofgereg | Hoenderdye |
| | Lamsboud |
| | Varkboud |
| | Rys |
| | Gebraaide aartappels |
| | Boontjies |
| | Pampoen |
| Nagereg | Roomys en jellie |
| | Vla en doekpoeding |
| Drankies | Coca-Cola |
| | Limonade |

8.1 Kies die korrekte antwoord.

Bogenoemde inligtingsvel is `n ...

A resep

B spyskaart

C programrooster (2)

8.2 Kies uit die inligtingsvel `n gereg wat jy graag sal wil eet. ___. (1)

Lees die onderstaande resep.

Plaatkoekies

Bestandele**:**



2 koppies meel

1 koppie melk

3 eiers

2 eetlepels gesmelte botter

Kaneelsuiker

Knippie sout

Sonneblom olie om in te bak.

*Metode:*

*1. Sif die meel, sout en bakpoeier saam.*

*2. Klits die eiers en voeg die botter by.*

*3. Klits die melk geleidelik by totdat jy `n dik loperige mengsel kry.*

*4. Skep eetlepels vol in `n pan met verhitte olie.*

*5. Bak tot goudbruin.*

*6. Strooi kaneelsuiker oor.* (1)

8.3 Hoeveel koppies meel het jy nodig om hierdie resep te maak? __. (1)

8.4 Voeg die woord wat ontbreek in die oop spasie in om die sin waar te maak.

Klits die melk geleidelik by totdat jy `n dik _______ mengsel kry. (1)

8.5 Susan het die metode van die resep verkeerd gelees. Rangskik dit vir haar in die regte volgorde. Jy kan die nommers een tot ses gebruik. (1-6)

- [ ] *Skep eetlepels vol in `n pan met verhitte olie*
- [ ] *Sif die meel, sout en bakpoeier saam.*
- [ ] *Strooi kaneelsuiker oor.*
- [ ] *Klits die eiers en voeg die botter by.*
- [ ] *Klits die melk geleidelik by totdat jy `n dik loperige mengsel kry.*
- [ ] *Bak tot goudbruin.*

(2)

9. Lees die onderstaande paragraaf.

Dr. Mark Walton, veearts van Ceres, het Sondag heeldag geveg om die renoster se lewe te red. Die stropers het nie deur die horing gesaag nie. Hulle het tussen die horing en skedel deur al die bloedvate gesaag. Sondagnag het die renoster se toestand verswak. Daar moes intussen op uitsit of binneaarse voeding besluit word.

9.1 Plaas die volgende sinne in die volgorde van gebeure.

Daar moes intussen op uitsit of binneaarse voeding besluit word.

Die stropers het nie deur die horing gesaag nie. (1)

9.2 Skommel die onderstaande gedeeltes en bou 2 sinne. Jy moet met `n hoofletter begin en met `n punt eindig.

Dr Mark Walton

Het Sondagnag die heelnag geveg

veearts van Ceres.

om die renoster se lewe te red. (1)

9.3 Verbind die onderstaande sinne met mekaar om een sin te vorm.

Dr Mark Walton is `n veearts.

Dr Mark Walton woon in Ceres. (1)

9.4 Plaas die onderstaande inligting onder die korrekte hofies.

Renosters woon in die wildtuin. Katte is gewoonlik troeteldiere en woon in huise. Olifante is ook diere wat in die natuur leef of in wildtuine. Honde is deesdae baie mak diere en word ook as huisdiere gesien. (2)

| Die gewildste diere in Suid-Afrika | |
|---|---|
| Wilde diere | Huisdiere |
| _______, ______ | _____, _____ |

(2)

10. 10.1 Skryf die sin in die Verlede tyd.

Renosters woon in die Wildtuin. (2)

10.2 Is die volgende sinne in die verlede of teenwoordige tyd geskryf?

Drie honderd drie en dertig renosters is onlangs geskiet vir hulle horings.__.

My sussie speel met haar kat. __ (2)

10.3 Bestudeer die onderstaande prentjie van hierdie man met sy kierie.

Hier is Josi, die skaapwagter. Hy het skape opgepas vir jare in die Karoo. Sy kiere was sy regterhand, en dit het hom gehelp om slange dood te slaan. Sy kierie hang in sy huis. Alhoewel skaapwagters dit deesdae nie meer gebruik nie bewaar hy dit. Dit is nou `n artefak



*Artefakte is voorwerpe uit die verlede. Dit vertel jou meer van hoe jou voorouers geleef het.

Onderstreep die regte antwoord.

Hierdie paragraaf handel oor die (verlede/hede/toekoms.)

Die ou skaapwagter het kieries gebruik en dit vertel jou van die (verlede/hede/toekoms.) (2)

11. 11.1 Skryf die volgende kort sinne oor en gebruik die komma op die regte plek.

Josie is siek maar hy pas nog sy skape op.

Josie wil graag na die mark gaan maar dit is te ver om te loop. (2)

11.2 In Josie se sak is `n waterbottel `n kierie `n verkyker en roosterbrood

Skryf nou die sin oor deur kommas in die korrekte plekke in te voeg. (2)

11.3 Is die volgende stelling waar of onwaar.

Almal stap vandag rond met kieries in hulle hande.

Kieries is meestal in die ou dae gebruik deur skaapwagters. (2)

12. 12.1 Onderstreep die werkwoorde in die volgende sinne**.**

Kieries word deesdae gebruik deur ouer persone om mee te stap

Josie maak `n kierie uit hout. (2)

12.2 Vul die ontbrekende werkwoorde in**.**

Josi ____sy hande en ___sy hare voor hy veld toe vertrek. (2)

12.3 Onderstreep al die werkwoorde wat jy gebruik het.

1 Skape eet gras en bossies, terwyl renosters vleis eet.

2 Katte spin graag terwyl honde rond hardloop. (2)

12.4 Bou goeie sinne met die onderstaande werkwoorde.

besit

skoonmaak (2)

13. 13.1 Onderstreep die voorsetsels in die onderstaande sinne.

Hy het per abuis sy boektas by die huis vergeet.

My pa is trots op die drie wat ek gister tydens ons rugbywedstryd gedruk het. (2)


13.2 Vul die korrekte voorsetsels in die oop spasies in.

Tembi is ... haar noppies oor haar nuwe fiets.

Die wiskunde is .. my vuurmaakplek. (2)

14. Kyk na die volgende inligtingstekse

| |
|---|
| Jongste nuus:<br>Verskaf deur SANPARKE op die webwerf stoprhinopoaching.com<br><br>In 2010 is 165 stropers in hegtenis geneem. 333 renosters is geskiet vir hulle horings.<br>In die eerste ses maande vanjaar is 123 smokkelaars gevang.<br>In die eerste ses maande is 193 renosters doodgemaak<br>Lys die bostaande inligting in die onderstaande tabel. |




(4)

14.1 Spotprent uit: Die Oos-Kaap Burger Saterdag 23 Julie 2011

| Renosters in Suid-Afrika geskiet of onthoring | |
|---|---|
| 2010 | eerste ses maande van 2011 |
| | |
| | |

(4)

14.2 Lees die onderstaande koerantberig wat in die koerant verskyn het.”

**Som die inligting in 4 goeie sinne op.**

MALANI VENTER

Stellenbosch

1. Die erg beseerde witrenoster van die Aquila-wildreservaat naby Touwsrivier het gister nog steeds om sy lewe geveg. Sy kalf het by hom in die veld gebly.
2. Die eienaar van Aquila, mnr Searl Derman, het gesê:”Die volgende 24 uur is kritiek – ons sal binne 48 uur weet of hy sal oorleef.”
3. 'n Beloning van R 100 000 word aangebied vir inligting wat kan help om die stropers vas te trek.

[ Verwerk en aangepas uit: Die *Oos-Kaap Burger* 23 Augustus 2012] (4)

15. Bestudeer die onderstaande prent en skryf `n storie met in inleidende paragraaf, inhoudsparagraaf en `n slotparagraaf. Elke paragraaf moet ten minste 2 volledige sinne bevat.



(6)

15.2 My eerste dag in die Intermêdiere fase.

Jy kan die onderstaande breinkaart gebruik of jou eie een te maak.

**Paragraaf 1**

Hoe het jy gevoel toe jy in jou nuwe klas kom met `n nuwe juffrou, maats , banke en boeke.

**Woordeskat:**

Vrolik, angstig,benoud, nuwe maats, juffrou, kleure van klaskamer, periodes, rooster, vakke, bank, hulpmiddels , versierings, rekenaar, wit bord, groen bord, leesboeke, pouse, klasreëls

huiswerkboek en persoonlike woordeboek.



**Paragraaf 2**

Wat het alles gebeur?

**Woordeskat:**

Leesboeke, oortrek, potlode, liniale, skêr, uitveër, handboeke, skryfboeke en storietyd.

**Paragraaf 3**

Vertel ons meer van jou onderwyseres/onderwyser.

**Woordeskat:**

Vriendelik, kleur hare, kleredrag, stemtoon, kwaai, hulpvaardig, mededeelsaam, goeie waardes, reëls, netjies en bordskrif.

(6)